# GEHEIME ERFENIS

deur Gys van Graan

PRONKBOEKE



Swerwer-Speurder

'N Hardkoppige ou boer besoek 'n stuk grond op sy plaas wat hy tot verbode terrein verklaar het. Op geheimsinnige en agterdogwekkende manier tuimel hy met sy perd en al van 'n berghoë krans af en net daarna word 'n prokureur van 'n verseëlde koevert beroof. Toe Obed de Swardt, die beroemde Swerwerspeurder, hom weer kom kry, is hy teen wil en dank in die geheimsinnige saak ingesleep. En dit is ook nie lank nie, of hy is op die gevaarlike spoor van die booswigte, en dan begin die poppe dans—vir hulle sowel as vir hom.

In hierdie nuwe verhaal oor die beroemde Swerwerspeurder is Gys van Graan weer so reg op sy stukke.

# INHOUD

*Hoofstuk* *Bladsy*

1. Obed in 'n Penarie ... ... ... 7
2. Waar is die Koevert nou? ... ... 23
3. Weer die Koevert ... ... ... 40
4. Verbode Grond ... ... ... ... 54
5. Martjie se Ontdekking ... ... ... 69
6. Koeëls Fluit ... ... ... ... 87
7. Die Laaste Rondte ... ... ... 101

## Hoofstuk 1

## OBED IN 'N PENARIE

DIT is Vrydagaand omstreeks half-twaalf. Diggers se rugbyklub het vergader vir die eerste keer sedert die nuwe seisoen begin het en die byeenkoms het sommer baie jolig afgesluit. Die manne het mekaar op bier getrakteer en Obed de Swardt voel dat sy laaste twee reguit kop toe gegaan het. Hy is geensins dronk nie, maar onderwyl hy alleen in die donker straatjie na sy groot swart Cadillac aanstap, neurie hy lustig 'n ou universiteitsliedjie.

Hy speel al geruime tyd vir Diggers se eerste span en word gereeld as vleuel vir Transvaal gekies. Hy is sowat twee duim onder die ses voet, dog sy lenige gespierdheid laat hom heelwat groter lyk in die dowwe lig van die vuil straatlampe wat ver uitmekaar staan. Sy net-passende sportbaadjie span glad oor sy breë skouers en daar is veerkrag in sy ritmiese stap. Die dowwe lig glinster op sy gladgekamde swart hare en in sy diepblou oë skitter 'n opgeruimde lag.

Obed is geen onbekende in die Goudstad nie en het al selfs dwarsdeur die Unie bekendheid verwerf, nie net as kranige rugbyspeler nie, maar ook as 'n vernuftige private speurder. Net die noem van die Swerwerspeurder se naam het baie karnallies laat koue rillings kry, want as Obed eers 'n saak aangepak het, rus hy nie voordat die oortreder aan die man gebring is nie.

Hy vra selde vergoeding vir sy werk. Finansieel is hy heeltemal onafhanklik. 'n Groot Bosveldplaas wat

deur 'n bestuurder beheer word, verseker 'n goeie inkomste. Hierbenewens ontvang hy ook heelwat uit ander beleggings. Sy spoghuis in Linden—Drie Gewels—spreek van gerieflike welgesteldheid.

Obed wil egter meer as net besittings hê. Hy hunker gedurig na avontuur en probleme vir sy vernuftige verstand. Sedert hy tot die stryd teen die misdaad toegetree het en dit as 'n ware sy selfopgelegde lewenstaak gemaak het, het hy selde lank hoef te wag vir nuwe avonture. Soms het dit so onverwags op hom toegesak soos 'n donderstorm. Hoewel dit hom dikwels onverhoeds betrap, laat dit hom nie lank weerloos nie. Hy reageer blitssnel tot groot ongerief en verleentheid van diegene wat sy ondergang wil bewerkstellig.

Selfs sy universiteitsopleiding het reeds tekens getoon van sy onversadigbare belangstelling in die misdaad en misdadigers. Hy het 'n deurtastende studie gemaak van sulke vakke soos kriminologie, sielkunde en sosiologie. Omdat hy die vermoë om vreemde tale te kan gebruik as hulpmiddel vir die opspoor van booswigte beskou het, het hy hom ook hierop toegespits en is hy sewe verskillende tale magtig.

Vanaand is Obed se gedagtes egter ver verwyder van misdaad en geweld. Kort-kort gaan staan hy 'n rukkie stil wanneer 'n knap sêding of goeie grap wat hy die aand gehoor het, hom byval. Dan sprei 'n breë glimlag oor sy sterk, aantreklike gesig en laat 'n laggie sy skouers ruk.

Met sy sleutel reeds in die motordeur se slot en effens vooroor gebuk, veer hy plotseling regop. Asof gewaarsku deur die prikkeling van 'n sesde sintuig van dreigende gevaar, span sy hele liggaam snaarstyf. Hierdie instink het hom al dikwels gered, maar vanaand is sy



reaksie ietwat te traag. Reeds pak drie, vier paar gespierde arms hom stewig beet.

Sy kragtige spiere span soos staal en met 'n heftige swaai van sy lyf, bars hy momenteel uit die geweldige greep. Dog die oormag is selfs vir sy kragte te veel. 'n Doek word oor sy mond en neus gedruk en die geur van 'n verdowingsmiddel bedwelm hom. Ten spyte van sy pogings tot verset, verslap hy geleidelik en sak magteloos terug teen die arms van sy aanvallers . . .

. . . . .

Toe hy sy bewussyn herwin, word hy dadelik bewus van die walglike nasmaak van eter. Daarna gewaar hy die pyn in sy skouer. Outomaties ondersoek sy vingers die seerplek. Sy hemp en baadjie is geskeur en bloed kleef taai aan 'n wond. Nou eers merk hy dat hy agter die stuur van sy Cadillac sit. In die lig van die vroeë oggend herken hy ook sy omgewing. Hy is skaars 'n blok weg van Drie Gewels af.

Vlugtig kyk hy die motor deur, soekend na die een of ander teken wat sy aanvallers dalk agtergelaat het. Die lig is egter te swak en sy lyf te seer vir deeglike ondersoek. Met 'n vies uitdrukking op sy gesig sit hy die motor aan die gang. Hy hou voor die motorhuis stil en word uitgelate deur sy groot wolfhond, Jagter, tegemoet geloop. Hy praat saggies met die hond en streel sy kop en ore.

Daar brand reeds lig in die kombuis en toe hy die stoep na die voordeur opstap, maak Amos, sy getroue naturellebediende, die deur oop. Die breë glimlag wat oor sy geplooide gesig verskyn toe hy Obed gewaar, word dadelik deur 'n uitdrukking van kommer vervang.

Hy skud sy kop en klap met sy tong. Sonder meer draf hy badkamer toe om Obed se noodhulpkassie gereed te sit.

„Toe maar, Amos," paai Obed hier agter die ou jong. „Dis glad nie so ernstig as wat dit lyk nie." Hy sukkel sy Diggers-kleurbaadjie uit en knoop sy hemp los. „Alles nog in die haak?" verneem hy.

„Baas Ekkie het netnou gebel," antwoord Amos, sy bedrewige hande besig met die was van die wond. „Hy was baie kwaad."

Obed draai so dat hy sy rug in die spieël kan sien. Op die oog af lyk die wond nie te ernstig nie. 'n Rooi, effens bloederige streep van sowat vier duim lê in die vleis van sy regterblad. Dit lyk nie vir hom na 'n messny nie, maar meer soos 'n hou van 'n stomppuntvoorwerp of 'n koeël. Hy kan egter nie onthou waar en wanneer hy verwond is nie. Sy hele nagtelike ervaring is vir hom 'n duistere geheim.

Amos ontsmet die wond en verbind dit. Met 'n laaste drukkie aan die pleister buk hy om Obed se klere op te tel. Mompelend beskou hy die skade. Obed grinnik ten spyte van die naar gevoel op sy maag. Hy vra dat Amos koffie na sy studeerkamer moet bring en begin dan sy gesig was. Met sy kamerjas oor sy skouers neem hy agter sy lessenaar plaas. Voordat hy die koppie koffie by sy mond het, lui die telefoon.

Obed neem 'n paar vinnige slukke van die koffie en tel dan glimlaggend die gehoorbuis op. Hy antwoord nie dadelik nie, hoewel hy Ekkie se ongeduldige stem al heftiger hoor word. Eers steek hy 'n sigaret aan en trek die rook met 'n behaaglike suggie in. Dan praat hy.

„Hoe lyk dit vir my die beroemde speurder-sersant Eksteen word deur sy gal gepla," sê hy jillend.



Sers. Ekkie Eksteen, Obed se ou rugbymaat en boesemvriend, bly 'n oomblikkie stil. „Lyk vir my hy's met die maan gepla," antwoord hy kwaai. „Wat die joos gaan met jou aan?"

Obed word dadelik getref deur sy vriend se stem. Hulle twee het al so dikwels op sake saamgewerk dat Obed aan Ekkie se stem byna presies sy gedagtes kan oordeel. Ekkie se stem het reeds verraai dat daar iets ernstig verkeerd is. Nogtans hou Obed aan met korswel.

„Ek het maar net eers 'n sigaret aangesteek," merk hy doodluiters op.

Ekkie knoop kwaai, maar bedwing hom dan. Asof hy met 'n vertraagde kind praat, sê hy met nadruk: „Ek stel nie belang in jou rookgewoontes nie. Ek wil weet wat die joos jy vannag aangevang het."

„Ek het nie die vaagste benul nie, Sersant. Ek was onder die invloed van . . ."

„Jy was nie dronk toe ons gisteraand ná die rugbyvergadering uitmekaar is nie!" val Ekkie hom bruusk in die rede. „En al was jy dronk . . . dis geen ekskuus vir wat jy aangevang het nie. Maj. Laas is so woedend dat hy kan slange vang . . ."

„Wat het nou weer oor die ou suurknol se lewer geloop?"

„Jy!"

Obed verbaas hom vir Ekkie se heftigheid. Hoewel die Johannesburgse speurhoof, maj. Dirk Laas, nooit eintlik genoë neem met Obed se private speurwerk nie, het Ekkie hom tot dusver nie deur sy hoof se oordeel in hierdie opsig laat lei nie. Ekkie weet maar te goed hoe waardevol Obed as speurder vir die polisie kan wees. Die majoor weet dit ook. Juis die wete dat Obed soms vanweë sy verbasende vernuf sake oplos waar die polisie

nie hond haaraf kan maak nie, is dikwels die oorsaak van sy wrewel.

Hoewel Dirk Laas by verskeie geleenthede reeds gesê het dat hy Obed se hulp waardeer, het hy nooit uit vrye wil Obed se hulp ingeroep nie. Wanneer Obed soms vóór die polisie 'n saak raakloop, het hy Obed daar uit probeer hou solank as wat hy moontlik kon. Met Ekkie is dit egter anders gesteld. Hy skroom nie om 'n netelige saak met Obed te bespreek en sy mening in te win nie. Hieruit het te dikwels sukses gespruit om hom deur die houding van sy hoof daarvan te laat afsien. Vanoggend klink dit egter nie so nie.

„Dan moet sy humeur slegter wees as gewoonlik," sê Obed steeds in ligte trant. Hy probeer tyd wen om agter te kom wat Ekkie hinder, hoewel hy weet dat hy sy maat dalk so sal ontstig dat hy niks uit hom sal kry nie. „Waarvan beskuldig die majoor my nou weer? Kon hy nie vanoggend sy medaljes kry nie? Ek kan jou verseker dat ek genoeg het om selfs vir die majoor 'n paar te laat kry sonder om hulle te mis."

Nogmaals knoop Ekkie. „Hou op met jou lawwe onsin, Obed!" bars hy los. „Ek is ernstig. En ek sê jou die saak is ernstig. 'n Paar mans het gisteraand by 'n prokureur op Alberton ingebreek en die majoor se neef is geskiet. Hy het genoeg getuienis om te bewys dat jy een van die inbrekers was en die man wat die skoot op sy neef afgevuur het."

„Wat!" Obed is so uit die veld geslaan dat sy gebruiklike bedaardheid hom in die steek laat.

Eensklaps besef hy dat hy op die oomblik geen bewyse het om die majoor se getuienis te kan weerlê nie. Hy het heeltemal die waarheid gepraat toe hy vir Ekkie gesê het dat hy nie die vaagste benul het van waar



hy gedurende die nag was nie. 'n Oomblik oorweldig 'n gevoel van magteloosheid hom byna. Hy pluk hom egter dadelik reg en 'n sagte laggie glip oor sy lippe.

„Dis 'n kwaai saak, nè?" merk hy ligweg op. „Hoe weet die majoor ek is die skuldige?"

„Die nagwag by die gebou en die prokureur by wie ingebreek is, sweer dat die man wat die konstabel geskiet het 'n Diggers-kleurbaadjie aangehad het. Die inbrekers het weggejaag in 'n groot, swart Cadillac. Toe die motor by die gebou verbyskiet, kon die prokureur die gesig van een van die manne duidelik sien. Hy het 'n skoot afgevuur en aan die uitdrukking op die man se gesig het dit gelyk asof hy getref is. Hy het die man herken toe hy vanoggend se koerant oopmaak. Daar was 'n foto van hom op die sportblad : mnr. Obed de Swardt, Diggers se kranige vleuel, wat vanjaar ongetwyfeld weer vir baie van sy span se wenpunte sal sorg."

Ekkie bly half uitasem stil. Sy stem bewe van beteuelde opgewondenheid. Obed hoor nou eers dat sy maat meer bekommerd as gegrief is. Hy is skielik jammer dat daar niks is wat hy kan sê wat Ekkie sal gerusstel nie. Voordat hy iets kan sê, praat Ekkie weer.

„As jy 'n koeëlwond aan jou lyf het, Obed," sê hy, „sal maj. Laas alles in sy vermoë doen om jou in hegtenis te neem vir wat gisteraand gebeur het. Hy weet dat jy nie vannag by die huis was nie. Ou Amos het sy mond verbygepraat toe ek netnou gebel het en ek kon nie die waarheid vir die majoor wegsteek nie. Dit was te oorweldigend, tesame met die getuienis wat ons reeds teen jou moes aanhoor." Hy haal diep en bewerig asem. „Kan jy die getuienis weerlê, Obed?" vra hy bekommerd.

Obed bly 'n rukkie stil en sug effens. „Nee, Ekkie," antwoord hy ferm. „Ek weet so min as jy waar ek van-